# Resensies / Reviews


- Louw, D.J. 1994. **Illness as Crisis and Challenge.** Halfway House : Orion.
  (*J.S. Kellerman*) ........ 685
- König, Adrio. 1995. **Versoening: Goedkoop? Duur? Verniet?** Kaapstad : Lux Verbi.
  (*J.H van Wyk*) ........ 687
- Kimathi, G. 1994. **Your Marriage and Family.** Potchefstroom : PU for CHE. (IRS-CLCA.)
  (*P.J. de Bruyn*) ........ 688
- Van Genderen, J. & Van't Spijker, W. *reds*. 1994. **Luisteren en leren. Jubileumboek van de Theologische Universiteit van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland 1894-1994.** Amsterdam : Buijten en Schipperheijn.
  (*J.M. Vorster*) ........ 690
- Van de Beek, B. 1994. **Van Verlichting tot verduistering? Theologen vanaf 1800**. Nijkerk : Callenbach.
  (*J.H. van Wyk*) ........ 692
- Leith, J.H. 1991. **Basic Christian Doctrine.** Louisville : John Knox Press.
  (*J.H. van Wyk*) ........ 693
- **Boekaankondigings** ........ 694

# Resensies / Reviews

**LOUW, D.J. 1994. Illness as Crisis and Challenge.**
Halfway House : Orion. 201 p. Prys: R52,80.
ISBN 0798706376.

**Resensent**: *J.S. Kellerman*
(Hoof: Departement Diakoniologie, UOVS)

## 1. Opsomming van inhoud

Uit die pen van Daniel J. Louw het al 'n verskeidenheid teologiese werke in Afrikaans verskyn. Die Afrikaanse lesersmark is egter wat teologiese werke betref maar bra klein. Nie alleen bied die buitelandse mark moontlikhede vir teoloë om in Engels te publiseer nie, maar is daar 'n groeiende behoefte vir Engelse teologiese literatuur vanuit eie kring. Met hierdie werk, 'n vertaling van sy Afrikaanse publikasie, lewer die skrywer 'n waardevolle bydrae tot, by name die pastoraat, veral dan ten opsigte van siek wees met sy gepaardgaande krisis en uitdagings.

Die werk is in vier hoofstukke verdeel onder die volgende temas: "The crisis of being ill"; "Illness as an opportunity for growth"; "Pastoral care for the ill"; "The theological dimension of faith care as life care and therapy"; en "Applied pastoral care: The crisis dimension".

In hoofstuk 1 "The crisis of being ill", bespreek hy die onderskeid tussen *sickness* en *illness* waar eersgenoemde meer dui op 'n oorhoofse verstaan van 'n persoon se eksistensiële reaksies en hanteringsvaardighede, terwyl laasgenoemde meer op die ervaringsvlak van gevoelens, reaksies en emosies geleë is. (Vergelyk die gevoelswaarde van: *We are sick* naas *we feel ill.*) Onder die vrae na wat gesondheid en siekte beteken, bespreek hy verskillende moontlikhede met die klem op 'n religieus-etiese en pastorale benadering. Voorts word siekte en gesondheid binne die Afrika-konteks bespreek. Soos dit pas, word die hele saak van siek wees ook aan die Skrif getoets. Louw dui deeglik aan dat siekte die totale mens raak.

In hoofstuk 2 behandel die skrywer siekte as 'n geleentheid tot groei. 'n Mens kan onder gaan in jou siekte of jy kan dit ombuig in 'n geleentheid tot groei. Siekte bied vir die geestelik volwasse persoon 'n uitdaging tot hantering van die siekte en aanpassing by 'n veranderde lewensituasie. Nie net word die

pastorale en eksistensiële kant van die saak behandel nie, maar ook vanuit 'n mediese hoek is daar 'n perspektief op die saak.

Die derde hoofstuk beklee 'n belangrike plek in die boek omdat die pastorale sorg aan die sieke daar vanuit 'n teologiese hoek bekyk word. Die verband tussen heling en verlossing kry aandag en word binne 'n eskatologiese model geplaas. Pastorale Terapie word dan *koinonia* en *hoop*-terapie. Teologies gesien, is pastorale sorg geloofsorg, lewensorg en oorwinningsorg. Lyding en die sin daarvan word hermeneuties ondersoek en gerig op die teologie van die kruis. Omdat pastorale sorg volgens hom hoop skep, pas promissioterapie in by sy skema.

In die slothoofstuk word verskillende krisissituasies bespreek. Die onderskeie probleme en pastorale hantering van pasiënte met hartsiektes, kanker, vigs (wat 'n lang bespreking uitlok), velsiektes, vrouesiektes, beroerte, beserings en kindersiektes kry aandag.

## 2. Meriete van die werk

Afgesien daarvan dat, soos hierbo aangedui, publikasies in Engels van Suid-Afrikaanse teoloë noodsaaklik is, is die eie bedrae van Louw belangrik binne die pastorale veld. Myns insiens lê die waarde van die werk daarin dat hy 'n teologiese basis soek vir sy benadering, meer so as die benaderings wat algemeen gebruik word. Binne sy paradigma hou hy rekening met die ander wetenskappe, by name die psigologie en waar nodig die mediese wetenskap. Louw bied in sy werk 'n pastoraal-teologiese decór waarteen met die sieke omgegaan kan word. Die pasiënt moet in sy geloof groei en in sy hoop versterk word te midde van enige lyding wat oor sy pad mag kom.

## 3. Teikenleser

Hierdie boek is in die eerste plek bedoel vir die pastor en kan met vrug in sowel sy opleiding as praktyk aangewend word. Vir die meer belese nie-teoloog kan die werk ook van groot waarde wees. Ek meen ook dat hospitaal-geestelike werkers onder leiding van 'n teoloog veel kan baat by die deurwerk van die boek. Die skryftrant en taalgebruik is sodanig dat die onderlegde lesers dit maklik kan volg.

## 4. Reaksie op uitgangspunte

Hierbo is reeds waardering uitgespreek vir die paradigma waarbinne Louw werk. Wanneer hy fokus op die pastoraat as instrument in die begeleiding tot geloofsgroei en versterking van die hoop by die sieke kom hy effektief uit by die problematiek van die sieke rondom sy toestand. Dit is duidelik dat Louw die

ervaring van lyding by die sieke ken en nie poog om ander slaafs na te praat nie. Ek wil met vrymoedigheid die werk aanbeveel vir gebruik in die pastoraat.

## KÖNIG, ADRIO. 1995. Versoening: Goedkoop? Duur? Verniet?

Kaapstad : Lux Verbi. 122 p. Prys: R47,80.
ISBN 0 86997 523 4.

**Resensent**: *J.H. van Wyk*
(Departement Dogmatologie en Ekklesiologie, PUCHO/TSP)

In hierdie jongste boek van König besin hy oor die tema *versoening* – "'n sentrale woord uit die Christelike geloof" – veral binne Suid-Afrikaanse konteks. Gevolglik kom die groot teenpool daarvan naamlik *apartheid*, veelvuldig ter sprake asook die aandeel van die "drie Afrikaanse kerke" – taamlik ongenuanseerd – daaraan. Die N.G. Kerk kom die slegste daarvan af.

Die eerste twee hoofstukke dien as inleiding tot die studie. Die daaropvolgende drie hoofstukke behandel voor- en nadele van die drie bekende standpunte oor versoening: Anselmus (*God* verander van gesindheid), Abelardus (die *mens* verander) en Irenaeus (Christus oorwin die Bose). Die outeur oordeel dat ons nie tussen die drie standpunte moet kies nie maar dat elkeen 'n waarheidsmoment belig en dus sáámgedink behoort te word (30, 40-41).

In hoofstukke ses en sewe word heelwat aandag aan Skrifgegewens bestee – die offergedagte in die Ou Testament en in Hebreërs, en die verband tussen versoening en Nagmaal.

Die laaste vier hoofstukke is meer konkreet toegespits, veral op die Suid-Afrikaanse situasie. Versoening beteken ook versoening tussen ménse. Mét of sónder geregtigheid? Ja, sónder (73), maar ook nie héeltemal sonder nie (5, 76-79). Versoening is *verniet*, maar ook nie *goedkoop* nie: dit het bepaalde implikasies en gevolge vir die sosiale lewe (75). Versoening beteken onder andere om ruimte vir mekaar te maak, tot op die punt van godsdiensvryheid (92). En godsdiensgelykheid dan? König oordeel dat ons hier 'n onderskeid moet maak tussen 'n juridiese en teologiese perspektief. *Juridies* besien, dit wil sê vanuit die gesigspsunt van die owerheid, is alle godsdienste gelyk (93), maar *teologies* benader (as waarde-oordeel) is godsdiensgelykheid "onverenigbaar met die diepste intensies van die Christelike evangelie" (95-99). Dit geld vir sowel die Godsbeskouing as die verlossingsleer.

König is hartgrondig daarvan oortuig dat versoening ook kerkeenheid impliseer – 'n eenheid selfs ten koste van leersuiwerheid (?) (90). Ook waar daar verskeidenheid mag wees, gaan die eenheid steeds voorop (104-105, 108).

Die boek word afgesluit met 'n hoofstuk oor versoening en skuldbelydenis.

Die skrywer het 'n behartigenswaardige boek geskryf, selfs al sou 'n mens nie met alles saamstem nie. Graag sou 'n mens 'n breedvoeriger motivering wou hoor van God se beperkte heerskappy (36), die foute in die Bybel (63) en die fiktiwiteit van Adam en Eva (102). Tog moet ons die outeur daarvoor dankbaar wees dat hy ten minste aktuele sake in die lig van die Skrif aan die orde stel en ons dwing om verder hieroor na te dink en standpunt in te neem. Noudat die *corpus Christianum* in Suid-Afrika aan die verbrokkel is – wat ook sy voordele meebring – is sulke studies broodnodig.

## KIMATHI, G. 1994. Your Marriage and Family.

Potchefstroom : PU for CHE. (IRS-CLCA.) 110 p. Prys: R22,00.
ISBN 1 86822 186 5.

**Resensent**: *P.J. de Bruyn*
(Departement Dogmatologie en Ekklesiologie, PU vir CHO)

Grace Kimathi is tans 'n gesinsberader by die *Family Life Mission* wat deur Walter en Ingrid Trobisch gestig is. Sy is 'n vrou van Kenia en skryf in die eerste plek vir die mense van Kenia. Met hierdie boek wil sy as oortuigde Christin die welsyn van die huwelik en die gesin bevorder te midde van die hedendaagse uitdagings en bedreigings daarvan. Sy is daarvan oortuig dat die verantwoordelikhede van die huwelik en die huisgesin tans slegs behoorlik nagekom kan word deur toegewyde mense wat na God opsien vir hulp, krag en leiding.

Sy fokus met hierdie boek veral op die vooraanstaande mense in Kenia en Midde-Afrika, die sogenaamde "African elite", omdat die grootste huweliks- en gesinsontwrigting onder hulle voorkom. Die rede daarvoor is dat hierdie mense in die besonder vasgevang is in die web van kulturele konflik tussen die sterk tradisionele kultuur van die etniese groepe, die groot invloed van die Westerse kultuur en die subtiele propagering van onchristelike waardesisteme wat deur losbandigheid en verslawing gekenmerk word. Hierdie invloede veroorsaak 'n innerlike verwarring by die "African elite" wat veral nadelig inwerk op hulle huweliks- en gesinslewe. En aangesien die res van die bevolking na hierdie mense opsien, het hulle 'n groot invloed, al is hulle verhoudingsgewys maar 'n klein persentasie van die bevolking.

In hoofstuk 2 gee sy aandag aan die tradisionele beskouings oor die huwelik en gesin in Afrika en veral in Kenia. Tradisioneel was die huwelik vir almal 'n dwingende moet: almal *moet* trou en kinders kry, want deur hulle kinders verkry hulle in 'n sekere sin onsterflikheid. Iemand wat nie trou nie, is verag en verguis en na so 'n persoon se dood mag daar nooit weer van hom/haar gepraat word nie. Die eerste sendelinge het hulle nie behoorlik van hierdie tradisionele ingesteldheid teenoor die huwelik rekenskap gegee nie, met die gevolg dat hulle teen baie weerstand gestuit het. Die inheemse bevolking kon byvoorbeeld nie verstaan hoe Christus 'n Verlosser kon wees as Hy nie getroud was en geen kinders gehad het nie.

Die Keniaanse elite bestaan hoofsaaklik uit kinders van swart mense wat tydens die koloniale tydperk vir blankes gewerk het en die blankes se voorregte vir hierdie kinders begeer het. Daardie kinders het goeie skool- en universteits-opleiding ontvang en beklee in die na-koloniale tydperk belangrike poste in die staatsdiens of in private ondernemings. Hulle ontvang 'n groot inkomste tesame met ander voordele. Hierdie mense openbaar 'n sterk kind-gesentreerdheid. Wat hulle self as kinders moes ontbeer, gee hulle nou aan hulle eie kinders volgens die beginsel van onmiddellike behoeftebevrediging. Die gevolg is dat die kinders oorlaai word met sakgeld, klere, die heerlikste kos. Hulle word aangery skool toe, terwyl hulle vanweë die hulp van bediendes nie geleer word om die mees basiese verpligtings in die huishouding na te kom nie. So het 'n ontspoorde jeug ontstaan wat al hoe meer in die greep van spandabelrigheid, drank en dwelms vasgevang word.

Teenoor hierdie verworde situasie wat op 'n Afrika-hippiebeweging afstuur, wys die skryfster in hoofstukke 4 en 5 baie duidelik hoe die verhouding tussen man en vrou in die huwelik en tussen ouers en kinders in die gesin volgens die Woord van God moet wees. Sy doen dit op 'n baie praktiese en nugter wyse waarin sy ten volle reg laat geskied aan wat God in sy Woord sê. Sy beklemtooon die noodsaaklikheid van doelgerigte goeie kommunikasie tussen man en vrou in die huwelik – iets wat eintlik in stryd is met die tradisionele patriargale styl in Kenia. Wat die gesin betref, wys sy onder andere op die gevaar van 'n botsing tussen die onderrig wat ouers aan hulle kinders gee en die voorbeeld wat hulle vir hulle kinders stel.

In die laaste hoofstuk gee sy in die lig van die Skrif besondere aandag aan drie sake wat tans nog in Kenia baie aktueel is, naamlik om ongetroud te wees/te bly (*singleness*), kinderloosheid en die optrede en verwagtings van familielede. Veral die eerste is in die jongste tyd 'n wesenlike probleem omdat die reeds genoemde siening van die ongehude staat te staan gekom het voor die probleem dat daar juis nou om een of ander rede in Kenia tienduisende meer vrouens as mans is.

Dit is 'n baie insiggewende boek wat 'n mens iets laat verstaan van die probleme waarmee veral Christene in Afrika te doen het. As oortuigde Christen hanteer die skryfster die Bybel op 'n gepaste en verantwoordelike wyse. Wat sy oor die huwelik en die gesin sê, is tot 'n groot mate van toepassing op al die mense in Suid-Afrika en hulle kan die boek met groot vrug lees. Die skryfster het 'n duidelike skryfstyl, met die gevolg dat 'n mens maklik kan verstaan wat sy bedoel. Ek kan die lees van hierdie boek van harte aanbeveel.

Hierdie boek is die tweede van 'n reeks wat deur die *Christian Literature Committee for Africa* (CLCA) uitgegee is. In 'n bylae gee prof. B.J. van der Walt 'n uiteensetting van die geskiedenis en werksaamhede van die CLCA.

## VAN GENDEREN, J. & VAN'T SPIJKER, W. *reds.* 1994. Luisteren en leren. Jubileumboek van de Theologische Universiteit van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland 1894-1994.

Amsterdam : Buijten en Schipperheijn. 278 p. Prys: *f*37,50.
ISBN 90 6064 842 0.

**Resensent**: *J.M. Vorster*
(Dept. Dogmatologie & Ekklesiologie, PU vir CHO)

Hierdie omvattende boek is 'n eeufeesbundel en beskryf die geskiedenis en huidige aktiwiteite van die Teologiese Universiteit van die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland. Die periode 1894-1994 word daarin bespreek. In die eerste hoofstuk bespreek W. van't Spijker die geskiedenis van die betrokke teologiese opleiding. Hy wys op die klein begin in 1894 en bespreek op indringende wyse die werk wat oor die afgelope eeu aan die inrigting gedoen is. Die navorsing voldoen aan die vereistes van goeie historiografie en is terselfdertyd pakkend en boeiend geskryf. Opmerklik is die globale ooreenkoms van die geskiedenis van die inrigting met die geskiedenis van die Teologiese Skool van Potchefstroom. Hierdie artikel is vir die buitelandse leser van waarde omdat bekende figure binne die Christelijke Gereformeerde Kerken in 'n bepaalde historiese konteks geplaas word. Dit help om die fyner nuanserings van die geskiedenis van die Reformasie in Nederland beter te verstaan.

Die tweede hoofstuk van H. van der Schaaf bied ook 'n historiese oorsig en omskrywing van verskillende aspekte van die huidige opleiding. Hierdie hoofstuk is van belang vir enigeen wat belangstel in kerkregtelike aspekte van sake soos byvoorbeeld die kuratorium, die admisssie-eksamen en die posisie van

professore. Voorts word interessante gegewens gegee aangaande die hedendaagse bedryf van 'n universiteit asook die wyse van bedryf van die verlede.

Verskeie skrywers handel oor die onderwys aan dié teologiese skool en behandel agtereenvolgens die bibliologiese vakke, die ekklesiologiese vakke, die sistematiese vakke en die diakoniologiese vakke. Hoewel hierdie bydraes ook 'n historiese perspektief gee, word prinsipiële sake ten opsigte van die vakke ook aangesny. Uit hierdie besinning blyk die diep gereformeerde konfessionele inslag wat aan die inrigting gehandhaaf is en steeds gehandhaaf word. Hoewel die Universiteit nie getalryk is nie, het dit 'n groot bydrae gelewer tot die gereformeerde teologie by wyse van nagraadse studie en publikasies. In hierdie opsig kan gewys word op die reeks "Apeldoornse Studies" wat oor 'n wye verskeidenheid aktuele teologiese onderwerpe handel. In hierdie hoofstuk oor die onderwys aan dié inrigting word ook aandag gegee aan die kritiek uit die kringe van die Christelijke Gereformeerde Kerken op die Kuyperse leer van veronderstelde wedergeboorte. Ander dogmatiese, etiese en ekklesiologiese onderwerpe word ook behandel. Uit die hele hoofstuk blyk dit dat teoloë uit die Christelijke Gereformeerde Kerken in al die teologiese dissiplines aktuele bydraes gelewer het.

Na 'n interessante hoofstuk oor die studente aan die Universiteit word die boek afgesluit met 'n beskrywing van die eie karakter van die Universiteit. Hierdie beskrywing moet gelees word teen die agtergrond van die Nederlandse reformatoriese geskiedenis. Hoewel die Universiteit nie die indruk wil skep dat dit 'n eie teologie daarstel nie, eien hy homself egter 'n eie karakter toe. Die hele boek bewys hierdie eie karakter.

Die boek is tegnies goed versorg en is voorsien van toepaslike en deeglike bylaes. Vir elkeen wat belangstel in die Nederlandse kerkgeskiedenis oor die afgelope eeu kan die publikasie van harte aanbeveel word.

## VAN DE BEEK, B. 1994. Van Verlichting tot verduistering? Theologen vanaf 1800.

Nijkerk : Callenbach. 157 p. Prys: R68,50.
ISBN 902 660 3436.

**Resensent**: *J.H. van Wyk*
(Departement Dogmatologie, TSP/PU vir CHO)

Soos die subtitel aandui, handel die outeur oor teoloë en teologiese stromings – asook enkele filosowe – sedert 1800. Inleidend word aandag bestee aan die *Aufklärung*, teenstemme (Pascal en Hamann) asook Kant. Daarna word die

gedagtes van teoloë en teologiese strominge vanaf die Franse tyd tot die Eerste Wêreldoorlog uiteengesit: Schleiermacher, Scholten, Baur, Kuenen en Wellhausen, *Vermittlungstheologie* (Rothe), Kierkegaard, Kohlbrugge, Chantepie de la Saussaye, Gunning, Kuyper, Bavinck, Ritschl, Herrmann, Troelstsch, die Eerste Vatikaanse Konsilie.

Hierna volg teoloë vanaf die Eerste Wêreldoorlog tot 1960: Barth, Bultmann, Tillich, Miskotte, Noordmans, Van Ruler, Rahner en Bonhoeffer.

Die laaste hoofstuk kyk na die Wêreldraad van Kerke, Berkhof, Pannenberg, Moltmann, die Tweede Vatikaanse Konsilie, Schillebeeckz, Küng, Wiersinga, Kuitert, Bevrydingsteologie, Feministiese teologie, Prosesteologie, *New Age*, Chung.

Die waarde van die boek is daarin geleë dat dit 'n bevatlike oorsig van elke teoloog se bydrae bied. Sommige samevattings is baie kort, ander is langer en bruikbaarder (Schleiermacher, 28-36; Barth, 67-78). Van Bavinck (56-58) word eintlik net die Skrifleer behandel. Terwyl 'n naam soos Wiersinga myns insiens nie hier tuishoort nie, ontbreek name soos Berkouwer, Schilder, Niebuhr(-s), Thielicke, Jüngel, Sölle, John Robinson, om slegs 'n paar name te noem.

Die grootste enkele beswaar teen die boek is dat die outeur hom doelbewus van 'n kritiese evaluering weerhou het. Die waarde van die boek sou veel groter gewees het indien Van de Beek aan die einde van elke uiteensetting 'n saaklike evaluering gebied het. Nietemin – 'n uiters handige publikasie.

## LEITH, J.H. 1991. Basic Christian Doctrine.

Louisville : John Knox Press. 359 p. Prys: R86,50.
ISBN 066425192-7

**Resensent**: *J.H. van Wyk*
(Departement Dogmatologie, PU vir CHO/TSP)

In hierdie resente dogmatiek het ons waarskynlik 'n samevatting van John Leith se gerypte teologiese insigte. Hy is 'n presbiteriaan wat homself as 'krities ortodoks' tipeer (XV). In sy uiteensetting, wat die hele veld van die dogmatiek dek, is veelvuldige aansluiting by Augustinus, Luther, Calvyn, Barth en Reinhold Niebuhr. Daar is minder verwysings na Brunner, nog minder na Moltmann en amper niks van Pannenberg nie. Schleiermacher en Berkouwer ontbreek geheel en al.

Die waarde van die boek is daarin geleë dat dit op 'n deurdagte, vloeiende en moderne wyse die veld van die dogmatiek dek. Nie alle hoofstukke is ewe geslaagd nie. Die dogmahistoriese inset van die Christologie (125-136) is droog; die hoofstuk oor die eskatologie is idealisties getint (vgl. 296). Hier en daar is daar allerlei insluipsels uit die moderne teologie wat problematies is, byvoorbeeld oor God se beperkte almag (52), oor die opstanding (142, 300), oor die hemelvaart (144) en wederkoms (301), oor die voorbeeldige verlossing (153), oor die Skrifgesag (244, vgl. 272), oor die gebed as genademiddel (251, 261) en oor die dood as natuurlike gegewe (293). Toegegee – sommige van hierdie sake mag met formulering saamhang.

Leith het 'n bruikbare leerboek gelewer wat, met die nodige diskresie, met vrug gebruik kan word.

## Boekaankondigings

Du Rand, Jan. 1995. **Ter wille van liefde.** Halfway House : Orion. 114 p. Prys: R34,95. ISBN 07 98706619.

Vorster, S.W. 1995. **Tegnologie. Menslike mag of onmag.** Potchefstroom : IRS/PUCHO. 50 p. Prys: R20,00. ISBN 1 86822 218 7.

Fowler, Stuart. 1995. **The Oppression and Liberation of Modern Africa.** Potchefstroom : IRS/PUCHO. p. Prys: R35,00. ISBN 1 86822 2225.

Van der Walt, B.J. 1995. **Die hand in eie boesem. 'n Besinning oor Afrikaneridentiteit.** Potchefstroom : IRS/PUCHO. 80 p. Prys: R20,00. ISBN 1 86822 216 0.